



CLEAN AUDITS SINCE 2010/11
SKOON OUDITS SEDERT 2010/11



Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!
We shape a better future!
Sakha ikusasa elingcono!

Lêer verw/
File ref: 15/4/2-8

Navrae/Enquiries:
Me D N Stallenberg

22 November 2022

R V Lategan
Waboomlaan 29
MALMESBURY
7300

Per Geregistreerde Pos

Meneer/Mevrou

VOORGESTELDE BOULYN AFWYKING OP ERF 3402, MALMESBURY

U aansoek rakende bogenoemde bouplanaansoek gedateer verwys.

- A Die Munisipale Beplanningstribunaal het op 'n vergadering gehou op 16 November 2022 die aansoek om afwyking van ontwikkelingsparameters op Erf 3402, Malmesbury goedgekeur ingevolge artikel 70 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) onderhewig aan die volgende voorwaardes

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) Die goedkeuring magtig die afwyking van die 1.5m oostelike syboullyn na 0m beperk tot die lengte van die voorgestelde motorafdakstruktuur;
- (b) Enige stormwater afloop op-perseel op Erf 3402 beheer word en na die naaste munisipale straat weggevoer word

B. ALGEMEEN

- (a) Die goedkeuring is ingevolge artikel 76(2) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Daar moet aan alle goedkeuringsvoorwaardes voldoen word voordat die okkupasiesertifikaat uitgereik sal word. Indien daar nie aan die voorwaardes voldoen word nie, sal die goedkeuring verval;
- (b) Appêlle teen die besluit van die Tribunaal moet skriftelik aan die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299 of per e-pos aan swartlandmun@swartland.org.za gerig word, nie later as 21 dae na registrasie van die goedkeuringsbrief. 'n Fooi ten bedrae van R4 500 -00 moet die appêl vergesel en artikel 90 van die Verordening moet aan voldoen word ten einde die geldigheid van die appêl te verseker. Appêlle wat laat ontvang word en/of nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie, sal as ongeldig beskou word en sal nie geprosesseer word nie.

- A. Die aansoek word vir die volgende redes ondersteun:

- (a) Die alternatiewe beskikbare ruimte op die eiendom was geëvalueer en is bepaal dat dit minder geskik is vir die oprig van 'n motorafdak as in die voorgestelde posisie

- (b) Die voorgestelde ligging word as die mees praktiese benadering oorweeg aangesien dit die bestaande woonhuis as deel van die struktuur sal gebruik en ook van die bestaande ingang op die eiendom gebruik maak.
- (c) Die huidige, ongemagtigde motorafdak bestaan uit 'n gedeelte van die grensmuur, kolomme en skadunet op die oostelike fasade. Dit word aangevoer dat die konstruksie van die soliede baksteenmuur met 'n oproldeur, die estetiese impak van die motorafdak sal verbeter, groter privaatheid tussen Erf 3401 en Erf 3402 sal bied en ook die sekuriteit van beide partye verhoog.
- (d) Dit word voorsien dat die geformaliseerde soliede baksteenmuur na verwagting beskerming bied aan Erf 3401 teen westelike sonskyn sonder om die ligkwaliteit binne die huis in te boet.
- (e) Stormwater vanaf die motorafdak sal via 'n geutstelsel beheer word en op die perseel na die naaste munisipale stormwatersisteem weggevoer word;
- (f) Die voorstel stem ooreen met soortgelyke afwykings in die area en die karakter van die buurt word nie negatief beïnvloed nie

Die uwe



MUNISIPALE BESTUURDER

Per Departement Ontwikkelingsdienste

/ds

Afskrif : Boubeheerbeampte